# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA.

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

*UITGAWE OP GESAG.* VAN SUIDWES-AFRIKA. *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

1/- Friday, 4th November, 1955. WINDHOEK Vrydag, 4 November 1955. No. 1949.

CONTENTS

*Page*

**PROCLAMATIONS—**

No. 244 (Union). Dissolution of the Senate. . . 1071

No. 246 (Union). General Election of Senators in South West Africa. . . . . . 1072

INHOUD

*Bladsy*

**PROKLAMASIES—**

No. 244 (Unie). Ontbinding van die Senaat. . . 1071

No. 246 (Unie). Algemene Verkiesing van Senatore in Suidwes-Afrika. . . . . . 1072

## PROCLAMATIONS

BY HIS EXCELLENCY THE HONOURABLE ERNEST GEORGE JANSEN, DOCTOR OF LAWS, GOVERNOR-GENERAL OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

No. 244 (Union).]

### DISSOLUTION OF THE SENATE.

WHEREAS by section *one* of the Senate Act, 1955, it is provided that the Governor-General shall by proclamation dissolve the Senate at any time before the thirty-first day of December, 1955;

AND WHEREAS it is expedient that the Senate shall be dissolved at this time;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the power and authority vested in me, I do by this my proclamation dissolve the Fifth Senate of the Union Parliament with effect from the Fourth day of November, 1955.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my hand and Great Seal at Pretoria on this fourth day of November, One Thousand Nine Hundred and Fifty-five.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the Governor-General-in-Council.

J. G. STRIJDOM.

## PROKLAMASIES

VAN SY EKSELLENSIE DIE EDELE ERNEST GEORGE JANSEN, DOKTOR IN DIE REGTE, GOEWERNEUR-GENERAAL VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

No. 244 (Unie).]

### ONTBINDING VAN DIE SENAAT.

NADEMAAL artikel *een* van die Senaatwet, 1955, bepaal dat die Goewerneur-generaal die Senaat by proklamasie te eniger tyd voor die een-en-dertigste dag van Desember 1955 moet ontbind;

EN NADEMAAL dit raadsaam is om die Senaat op hierdie tydstip te ontbind;

SO IS DIT dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen, by hierdie proklamasie die Vyfde Senaat van die Unie-Parlement met ingang van die Vierde dag van November 1955 ontbind.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria op hede die vierde dag van November, Eenduisend Negehonderd Vyf-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op Las van Sy Eksellensie die Goewerneur-Generaal-in-Rade.

J. G. STRIJDOM.

No. 246 (Union).]

## GENERAL ELECTION OF SENATORS IN SOUTH WEST AFRICA.

WHEREAS the Senate, constituted in terms of section *twenty-five* of the South Africa Act, 1909, and section *thirty* of the South West Africa Affairs Amendment Act, 1949, has, by my Proclamation No. 244 dated the 4th November, 1955, been dissolved in terms of the Senate Act, 1955;

AND WHEREAS it is expedient to proceed to the election of Senators;

NOW, THEREFORE, under and by virtue of the powers and authority vested in me by sub-paragraph (2) of paragraph 2 and sub-paragraph (1) (a) of paragraph 5 of the regulations in regard to the joint election of Senators in South West Africa, published under Government Notice No. 1988 dated the 30th September, 1955, I do hereby declare—

(1) that Friday the twenty-fifth day of November, 1955, shall be the day on which a sitting of all members of the House of Assembly elected for the territory of South West Africa and of the Legislative Assembly of the said territory shall be held for the purpose of the election of Senators;

(2) that the aforesaid sitting shall be held at 10 o'clock in the forenoon on the aforesaid day;

(3) that the sitting be held in the Chamber of the Legislative Assembly, Windhoek;

(4) that Mr. Jacobus Pieter Marais Viljoen, Assistant Clerk of the Legislative Assembly, South West Africa, or other person lawfully acting for him, shall be and is hereby appointed to be the Assistant Returning Officer at the election.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my hand and Great Seal at Pretoria on this fourth day of November, One Thousand Nine Hundred and Fifty-five.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

T. E. DÖNGES.

No. 246 (Unie).]

## ALGEMENE VERKIESING VAN SENATORE IN SUIDWES-AFRIKA.

NADEMAAL die Senaat, saamgestel ooreenkomstig artikel *vyf-en-twintig* van die Zuid-Afrika Wet, 1909, en artikel *dertig* van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1949, by my Proklamasie No. 244 gedateer 4 November 1955, kragtens die Senaatwet, 1955, ontbind is;

EN NADEMAAL dit dienstig is om tot die verkiesing van Senatore oor te gaan;

SO IS DIT dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by subparagraaf (2) van paragraaf 2 en subparagraaf (1) (a) van paragraaf 5 van die regulasies vir die gesamentlike verkiesing van Senatore in Suidwes-Afrika, afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 1988 gedateer 30 September 1955, hierby as volg verklaar—

(1) dat Vrydag die vyf-en-twintigste dag van November 1955 vasgestel is as die dag waarop 'n sitting van al die lede van die Volksraad wat vir die gebied Suidwes-Afrika verkies is en van die Wetgewende Vergadering van genoemde gebied vir die verkiesing van Senatore gehou moet word;

(2) dat voormelde sitting gehou moet word om 10-uur in die voormiddag van voormelde dag;

(3) dat die sitting in die Vergaderingsaal van die Wetgewende Vergadering, Windhoek, gehou moet word;

(4) dat Mnr. Jacobus Pieter Marais Viljoen, Assistent-klerk van die Wetgewende Vergadering, Suidwes-Afrika, of 'n ander persoon wat wettig in sy plek waarneem, hierby benoem word tot Assistent-kiesbeampte by die verkiesing.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria op hede die vierde dag van November, Eenduisend Negehonderd Vyf-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op Las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-Generaal-in-Rade.

T. E. DÖNGES.

Printed in South West Africa by / Gedruk in Suidwes-Afrika deur John Meinert (Pty) Ltd., Windhoek